

GEREFORMEERDE KERK PRETORIA-MAGALIESKRUIN

NUUSBRIEF

27 Januarie 2019 **Nr. 700**

Ons verwelkom ALLE besoekers saam met ons in die huis van die Here!
Nuwe intrekkers – bly ASB vir 'n oomblik agter na die erediens sodat Ds Gert met u kan kennis maak!

Predikant:	Ds Gert Erasmus	Tel: 012 548 6228	Sel: 076 839 6973
Skriba:	Br Piet Prinsloo	Tel: 012 567 6109	Sel: 072 117 6117
Attes-skriba:	Br Neels Taljaard		Sel: 082 975 6444
Susterssake:	Sr Erica Arnold		Sel: 082 557 8721
Adminbeampte:	Magda Schoeman	Tel: 012 548 0913	
Kantoorure:	Dins, Don & Vry vanaf 08:00 – 13:00		
Koster:	Stefaans Dalisile		Sel: 079 558 7216
E-posadres:	admin@gkmagalieskruin.co.za	Webwerf:	www.gkmagalieskruin.co.za

EREDIENSTE

Oggend 10:00 Ds Gert Erasmus

Skriflesing:	Daniël 8:1 - 27
Teks:	Daniël 8:13 en 25
Tema:	God kom waarsku sy kerk, om ten midde van die wêreldse omstandighede, vas te staan in die geloof!
Sang:	Ps 66: 1, 7 Ps 146: 6 Ps 105: 5 Ps 25: 5
Kollektes:	Diens van Barmhartigheid GKSA Sustentasie

Aand 19:00 Ds Danie Snyman (Emeritus)

Skriflesing:	Lukas 12: 22-34
Teks:	Lukas 12: 32
Tema:	Die koninkryk van Jesus (3): God géé die koninkryk vir Sy kinders.
Sang:	Ps 23: 1, 2 Ps 80: 1, 10 Sb 11-3: 1, 3, 8 (16)
Kollektes:	Diens van Barmhartigheid Hulp in Kerkverband

SAMESANG AAND 18:45: Ps 33: 6, 7, 8, 9, 10, 11 Sb 17-1: 4, 5, 6 (17)

Volgende Sondag	**Oggend**	**Aand**
3 Februarie (Voorbereiding)	Dankbaarheidsfonds	TSP Biblioteek
10 Februarie (Nagmaal)	Emeritaatsversorging	Evangelisering

Preke op CD:
Plaas u bestelling op Magalieskruin se bestelvorm (knipbord regs op die trollie in die portaal) of telefonies by 012 548 3549 / 083 471 4098. Elke CD kan 2 volledige eredienste bevat, van dieselfde Sondag of van verskillende Sondae, of 3 net lees en preek.
Koste: R30 per CD enkel in kassie, R50 per 2 CDs in een dubbelkassie. Kry u CD in die rakkie op die trollie en plaas u betaling in die koevertjie wat saam met die CD kom en gooi asb in die kollektesakkie.

Preke op die webwerf:
Volledige eredienste is ook in klank beskikbaar.

ALLE KOMMISSIES EN LIDMATE!

- Alle berigte wat in die nuusbrief moet verskyn **MOET** op die laatste **Donderdag 24:00** reeds in Word formaat na die kerkkantoor gestuur word. Geen laat berig sal in die betrokke nuusbrief geplaas word nie.

VIR MEELEWING

'n Besondere welkom aan
- Alle besoekers saam met ons!.

Meelewing
- Ons vra ernstige voorbidding vir br Kallie (072 120 6345) en sr Estelle Steenkamp (072 120 6345). Ons suster voer 'n verbete stryd teen kanker en ondergaan tans intensiewe behandeling. Na 'n jaar in remissie het sy pas verneem dat die kankertelling drasties toegeneem het.
- Br Wim Kurpershoek (082 929 0230) wat in die hospitaal was.
- Sr Elsa van Wijk (082 460 8262) wat in Groenkloof hospitaal is.
- Sr Welma van Vuuren (082 781 2048) wat in Groenkloof hospitaal is.
- Ons dink aan die volgende lidmate in ons gebede: br Andries Nel (Huis Blymoedig).
- Ons dink aan ELKE lidmaat wat die afgelope paar weke mediese prosedures moes ondergaan!
- Ons dink ook aan ELKE lidmaat wat die afgelope paar weke operasies moes ondergaan! Sterkte met die herstel en die rehabilitasie!

Verjaardae
Mag die Here aan u 'n geseënde jaar en 'n dag vol vreugde gee!

Januarie	Sondag	27	Jannie Degenaar	072 658 9410
		27	Dora Eksteen	072 476 9660
		27	Sakkie Minnaar	082 904 1941
	Maandag	28	Gerhard Erasmus	082 820 7555
	Woensdag	30	Carike Goede	073 151 7844
		30	Engela Lourens	083 228 2264
		30	Chris Mouton	083 250 2370
		30	Mignon Smith	083 393 4673
	Donderdag	31	Sakkie Croukamp	083 376 0542
		31	Maritz Froneman	081 455 5594
	Vrydag	1	Hantie Briel	083 248 2280
	Saterdag	2	Annette Buys	083 800 7320

GEMEENTE-AKTIWITEITE

Sustersbyeenkoms (Afskop) - 2 Februarie 09:00
Alle susters en veral die wyksusters word hartlik uitgenooi vir ons eerste vergadering. Daar is blink nuwe planne vir die toekoms en almal se insette sal waardeer word.
Ons gaan heerlik smul aan gevulde pannekoek.
Saam is ons SUSTERS IN CHRISTUS, en saam kan ons 'n verskil maak in Sy diens. *Ons moet blom waar ons geplant is.*
Dis nog steeds blomme-tyd, bring asb enige blom om 'n groot blommekrans te maak vir Sondag in die portaal of die stoep. Skryf jou naam op die naamlys in die portaal, of laat weet vir Erica.

Nagmaalete - 10 Februarie 12:30
Dis somer wat beteken braaityd. Ons beplan 'n heerlike saamkuier onder die suidelike bome. Tafels en stoele sal gereed staan. Vure en roosters word gereël en die diakens gaan help braai.
Bring jou eie vleis en een slaai van jou keuse. Nagereg is nie 'n vereiste nie, maar bring as jy 'n soettand het. Skryf jou naam op die lys in die portaal, of laat weet vir Erica. Ons wil 'n sitplek vir jou gereed maak! Almal welkom!

Vakante wyke - Huisbesoek: Wyke D4; E8; F7
Ons vra dat al die lidmate van die vakante wyke volgende Dinsdag (**5 Februarie**) om 18:00 - 18:30 by die kerkgebou bymekaar sal kom vir 'n gesamentlike huisbesoek met die oog op Nagmaal van 10 Februarie 2019. Sien julle Dinsdagaand! Indien u ds Gert persoonlik wil spreek kontak hom asb voor die tyd om 'n tyd vas te maak.

Sustersaamtrek van 9 Maart aangebied deur Gereformeerde Kerk Oos-Moot en Kandelaar.
Die sprekers: Prof Albert Coetzee en Annabe Pretorius gaan praat oor "Om-gee-wingsbewus". Die uitnodiging en lys vir name is in die voorportaal.

AAA – Alle Afgetrede Lidmate

U word hartlik uitgenooi na ons openingsaamkuier op **Dinsdag 29 Januarie** om 10:00 in die kerksaal. Kom geniet 'n kenmekaar en saamkuier oggend saam. Bring al jul kennisse saam! Daar word 'n versoek gerig aan elkeen om 'n voorstel te maak vir 'n nuwe naam. Ons vra ook idees vir wat julle graag deur die jaar wil bespreek. Indien u vervoer benodig, skakel asb Magda Schoeman (082 312 7523) of Lidia Venter (012 567 5022 of 082 922 4313).

Betroubare huishulp
Indien iemand die hulp van 'n betroubare huishulp benodig kan sr Elsa van dan Berg (082 439 8002) gekontak word. Haar dienste is beskikbaar op Dinsdae..

Bybelstudiegroepe

GROEP 4 (Hannes Spies – 012 548 9659 / 082 670 9509) – Woensdag 30 Januarie 15:00 by die Villas.

SUSTERS

Teeskinkbeurte	***Kom geniet 'n koppie tee of koffie onder die afdak!***		
27 Januarie	Wyk	D1	Erica Arnold
	Wyk	D2	Hantie Briel
	Wyk	D3	Hanlie de Bruin
3 Februarie	Wyk	D4	Coby Treebus
	Wyk	E1	Magda Lerm
	Wyk	E2	Hendrina Stoltz

Teeskink by Kerkraadsvergadering
Die volgende wyke skink tee by die Kerkraadsvergadering van Maandag 28 Januarie:
F3 - Martie Brittz F5 - Martie Nieman
F6 - Estie Smith F7 - Marietjie Erasmus
F8 - Riekie Prinsloo

Gereformeerde vriendekring
Ons eerste 2019 afspraak ! ! !
DV 19 Februarie 2019 om 10h00
By GK Pta-Annlin. SIEN JOU DAAR

2019 Midweek-Wegbreek:
ATKV Buffelspoort
DV 16-20 September 2019
Koste: R3 475 per persoon wat deel
Deposito: R500 (Voor 31 Maart 2019)
Skakel so gou as môre met Mariki (09h00-13h00) by (012-548 9082) om jou plek te bespreek.

VAN DIE KERKRAAD

Katkisasie
Gr 0-11: Vandag: Opening in die kerk. Daarna Les 2 vir gr 0-7. Bybelstudie vir gr 8-11
Vir ons Hoërskool Katkisante:
17:30-18:00: Graad 8 en 9
18:00-18:30: Graad 10
18:30-19:00: Graad 11 (Belydenisklas)
BRING asb julle Bybels, psalmboeke en 'n notaboekie saam!

Ouers van Katkisante
- *Onthou asseblief om u kind se besonderhede en die geld vir die katkisasieboekies vir u kind se hulpkategeet te gee.*

Jeug
Versoek om hulp- skakelpersoon

- Indien daar enige persoon is wat die Jeugkommissie kan help as skakelpersoon met die Laerskooljeug, kontak asb vir Ds Gert in hierdie verband.

Die huidige skakelpersone is die volgende:
Laerskool skakelpersoon: Vakant
Hoërskool skakelpersoon: Carike Goede.
Naskoolse skakelpersoon: Marike Snyman.

Verandering van u persoonlike inligting

- Indien enige van u inligting verander het, soos adres, telefoonnommer, beroep of E-posadres, vra ons dat u asseblief die inligting na die kantoor toe sal deurgee.

Dagboekdatums

Maandag	28 Januarie	Kerkraad en diakens	19:00
Dinsdag	29 Januarie	AAA	10:00
Woensdag	30 Januarie	Bybelstudie (Hannes – Villas)	15:00
	30 Januarie	Katkisasie	18:00
	30 Januarie	Bybelstudie Jeug	19:30
Donderdag	31 Januarie	Admin	09:00 - 10:00
Saterdag	2 Februarie	Suters-afskop	09:00

Ds Gert se dagboek

Maandag:	Besoek Dr Malan van Rhyn GK Pretoria-Noord	10:30
	Pastorale besoek	16:00
	Kerkraad en diakens	18;30
Dinsdag:	AAA	10:00
	Huisbesoek	19:00
Woensdag:	Katkisasie	17:30 – 19:00
	Naskoolse Jeug	19:30 – 20:30
Donderdag:	Kantoor Admin	09:00 – 10:00
	Admin vergadering	18:30
	Voorbereiding	
Vrydag:	Voorbereiding	

Admin asook onvoorsiene pastorale besoeke en hospitaalbesoeke word tussendeur gereël.

Daniel's Vision of Four Beasts and God's Kingdom

Daniel 2	Daniel 7	Daniel 8	Kingdom	Dates
Head of gold	Lion with eagle wings		Babylon	605-539 B.C
Chest and arms of silver	Bear with one side higher than the other	Ram with two horns one longer	Medo-Persia	539-331 B.C
Belly and things of bronze	Leopard with four wings, four heads	Fast goat with four horns	Greece Ptolemies and Seleucids	331-323 B.C 323-63 B.C.
Legs of iron feet and toes of iron and clay	Monster with Iron teeth, ten horns		Rome and ten kings	63 B.C.- A.D. 476 Present period
Stone, not by human hands, smashes statue	God burns the monster	Little horn destroyed, not by human hands		Last day
Mountain fills whole earth	Kingdom given to Son of man and God's people		Kingdom of God	